**Skrifgedeelte: Matteus 11:2-19**

**Teksvers: Matteus 11:11**

**Tema: Die koninkryk van God: waar geringe mense oorwinnaars word!**

Almal van ons wil die beste doen in dit waarmee ons besig is. Geen mens wil verloor of laaste kom nie. Ons wil bo staan op die podium. Eerste kom in die sport wat ons beoefen of ons wil die beste in die klas doen met ons akademie. Ons wil graag die hoogste pos by die werk beklee of ons wil hê ons besigheid moet die beste besigheid in die dorp wees. Alle mense het hierdie begeerte om die beste te wees.

Die realiteit van die lewe is egter dat dit dikwels nie só gebeur nie. Meeste van die kere is ons nie die beste nie. Ons verloor baie meer as wat ons wen. Ons word oorgesien vir bevordering by die werk of ons besigheid verloor kliënte weens die finansiële omstandighede van ons land. Dit wat ons moet bly maak, word dan die ding wat ons moedeloos en selfs depressief maak.

En wanneer ons Matteus 11:2-19 lees, hoor ons dat ons nie die eerste persone is wat hiermee worstel nie. Ook Johannes die Doper het hierdeur gegaan! Hier sit `n man, `n profeet van die Here wat op `n stadium baie aansien in Israel gehad het, in die tronk. Johannes die Doper het homself ingespan om die Jode te vertel dat Jesus die Christus, die Messias, is. Hy het sy lewe daaraan gewy om te vertel en te doop en te bedien. Hy het selfs vir Jesus Christus gedoop - gepraat van `n "hoogtepunt" in jou "loopbaan"!

Maar hier sit hy in die tronk en hy twyfel. Vir die eerste keer waarvan ons weet, twyfel Johannes die Doper of Jesus werklik die Messias is en of hulle nie iemand anders moes verwag het nie. En wanneer Johannes die Doper se dissipels vir Jesus hieroor kom uitvra, antwoord Jesus hom deur te wys op van die profesieë van die Ou Testament. Waar Jesus vir Johannes die Doper se dissipels vertel dat blindes weer sien en dowes hoor en verlamdes loop, haal Jesus in werklikheid Jesaja 35:5-6 en 42:7 aan. Jesus is die Messias, die Gesalfde, die Christus! Hy het gekom!

Wanneer Johannes die Doper se dissipels wegloop, plaas die Here vir ons Johannes die Doper se hele bediening, sy lewensfilosofie en droom, in die lig van God se koninkryk. In vers 11 vind ons eintlik die skerp-punt van Jesus se antwoord oor die lewe van Johannes die Doper: "Amen, Ek sê vir julle: Onder hulle wat uit vroue gebore is, is daar niemand groter as Johannes die Doper nie, en tog is die geringste in die koninkryk van die hemele groter as hy."

Dit wil vir ons klink asof Jesus hier sê dat Johannes die Doper nie baie belangrik is nie en hy nie werklik iets in die lewe bereik het nie, maar dis alles behalwe die geval! Jesus het hierdie opmerking gemaak nie om vir Johannes die Doper af te kraak nie, maar om Sy eie dissipels op te lig en te wys dat hulle ook belangrik is, weens dit wat Johannes die Doper gedoen het. As dit nie was dat Johannes die Doper sy lewenstaak uitgevoer het nie, sou Jesus Christus se dissipels nie hulle doel bereik het nie. Johannes die Doper is ontsettend belangrik net soos wat Jesus Christus se dissipels ontsettend belangrik is.

En die rede hiervoor is eenvoudig: in God se koninkryk word geringe mense oorwinnaars! Anders gestel: in God se oë is elkeen van Sy kinders belangrik en wanneer hulle Sy heerskappy oor hulle werklik leef, bereik hulle hulle grootste potensiaal. Wanneer jy tot geloof kom en Jesus Christus as

jou Verlosser en Koning aanvaar, verander jy van `n "geringe" persoon na `n belangrike persoon. Jy verander van `n persoon sonder aansien, van iemand wat onbelangrik is en oor wie ander mense kyk, na iemand wat deur God raakgesien word en wat vir Hom belangrik is. Dit word op twee maniere duidelik:

Die eerste is dat Jesus Christus vir jou die dood oorwin het en jou van sonde bevry het. Toe Jesus Christus aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het, was dit nie maar net `n onpersoonlike nuusgebeurtenis in die verlede nie. Die Bybel en die verhaal van Jesus se kruisiging en opstanding is nie maar `n ou nuusberig wat ons nie raak nie. Jesus Christus se kruisiging, sterwe en opstanding is ontsettend persoonlik: Hy het aan die kruis gesterf - vir jou! Hy het die dood oorwin - vir jou! Hy het uit die dood opgestaan - vir jou! Hy het jou van die sonde gered! Hy het jou vry gemaak!

God se enigste Seun se bloed het vir jou gevloei en wanneer jy in Hom glo is jy deel van Sy kerk. Jy behoort aan Hom en op `n besondere manier beleef jy Sy heerskappy oor jou. Jy is ontsettend kosbaar vir God - nie weens iets wat jy gedoen het of die potensiaal wat jy het om iets te doen nie. Jy is ontsettend kosbaar vir die Skepper van die hemel en die aarde omdat sy Seun se bloed vir jou gevloei het en Hy vir jou gesterf het sodat jy weer kan lewe. In die oë van die wêreld mag jy dalk onbelangrik wees, maar vir die Skepper van hierdie wêreld is jy ontsettend kosbaar en lewensbelangrik!

Die tweede manier waarop dit duidelik word dat jy belangrik is in die oë van die Here, is die feit dat die Heilige Gees kragtig in jou woon en werk. Efesiërs 1:13 en 14 is sekerlik van die bekendste verse wat dit vir ons sê. Daar staan: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."

God gee Homself, die Heilige Gees, as `n waarborg dat jy aan Hom behoort en dat jy alles sal ontvang wat Hy belowe het. Gaan lees gerus in Handelinge wat elke keer gebeur het wanneer Petrus of Paulus die evangelie aan mense gebring het wat dit nog nie gehoor het nie. Wanneer hulle tot geloof gekom het, is hulle kragtig met die Heilige Gees vervul en is God geloof oor sy heerskappy.

Ook ek en jy is vervul met die Heilige Gees wat só kragtig werk. Die feit dat die Heilige Gees só in jou woon en werk is `n bevestiging dat God se koninkryk hier by jou is! Jy lewe klaar in God se koninkryk en wanneer jy in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees optree word God se heerskappy oor jou duidelik. Jy is só belangrik vir God, dat Hy in die Heilige Gees Homself aan jou gee as `n waarborg van sy beloftes.

Wat `n wonderlike troos gee die Here nie vir ons in hierdie gedeelte nie?! Plaas jou lewe egter in die konteks van God se koninkryk: jou lewensdoel is nie noodwendig om die beste sportman, besigheidsman, ingenieur, predikant of skolier te wees nie. Jou lewensdoel is om God se koningskap oor jou werklik te leef! Wanneer jy dit doen, het jy jou doel volkome bereik en die wonder is dat jy nie eers dan belangrik vir die Here sal wees nie. Jy is klaar reeds belangrik! Jy is reeds meer as `n oorwinnaar deur Hom wat ons liefhet!

Amen